# ONTMOETINGS MET JESUS

## Deel 6 – Nie Soos Verwag

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Sou jy jouself as 'n analitiese mens, of as iemand wat maklik glo wat ander vir jou sê, beskryf? Verduidelik.**

---

---

---

**As iemand vir jou sou vra, "wie is Jesus", hoe sal jy dit beantwoord? Hoe sal jy dit verduidelik?**

---

---

---

**Hoekom dink jy is die opstanding van Jesus belangrik vir die Christelike geloof?**

---

---

---

**Op watter manier het God al in jou lewe iets gedoen nie soos jy dit verwag het nie? Of dat jy verwag het Hy moet op 'n manier werk, maar dan op 'n ander manier jou gehelp het?**

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Jesaja 43:1; Johannes 10:2-4; 20:16 en 1 Korintiërs 8:3. Wat sien jy in elkeen van hierdie versies?**

---

---

---

**Hoekom dink jy is dit belangrik dat ons sal weet dat God ons ken? Ons name ken? Ons behoeftes ken?**

---

---

---

**Johannes 20:17 en Hebreërs 2:11. Hoekom dink jy kan Jesus ons broers (en susters) noem? Hoe laat dit jou voel?**

---

---

---

**1 Petrus 1:3-4. Hoe het ons nuwe lewe gekry? Wat is die gevolg daarvan?**

---

---

---

**1 Korintiërs 15:12-20. Wat beteken ons geloof as Jesus nie uit die dood opgestaan het nie?**

---

---

---

**Hoe sentraal het die opstanding in die apostels se gedagtes gestaan in hulle lering volgens hierdie versies? Hoe sentraal sal jy sê staan dit in jou gedagtes?**

---

---

---

---

**In die preek is genoem dat Maria nie vir Jesus herken het nie, en tog was Hy besig in haar lewe. Op dieselfde manier sien ons dalk nie Jesus in ons omstandighede nie, maar Hy is dalk net daar besig om te werk. Hoe dink jy oor hierdie konsep? Hoe laat dit jou voel?**

---

---

---

---

**Lees Handelinge 4:12, 20 en Romeine 10:13-14. Wie in jou lewe het nodig om van Jesus te hoor? Hoe dink jy kan en wil God jou gebruik? Wat dink jy kan jy doen om na hierdie persoon uit te reik?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**